# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

11 Februarie 2020

**OMSENDBRIEF 2/2020**

## PREDIKANTEKONFERENSIE

**Aan alle skribas en leraars**

Die Kuratorium het begin met die reëlings vir hierdie jaar se predikantekonferensie en het gevra dat die volgende voorlopige reëlings asseblief deurgegee moet word, sodat die datums daarvoor oopgehou kan word.

Die konferensie word DV gehou vanaf **11-14 Mei 2020** en wel by die Esparanza-kampterrein buite Viljoenskroon. Tydens die konferensie sal daar onder meer aan trauma-berading, skryfvaardighede en aktuele onderwerpe aandag geskenk word. Aangesien die datums ook met die jaarlikse Nampo Oesdag oorvleuel, word daar tans met die organiseerders onderhandel om van ons leraars te laat deelneem aan een of meer van die paneelgesprekke. Soos wat dit in die verlede versoek is, sal die aand-oordenkings gerig wees op die maak van ŉ preek en dit sal ook tydens ŉ sessie afgerond word. Die volledige program en ook meer inligting oor sprekers sal nader aan die tyd gegee word.

Die konferensie is in belang van ons hele kerkverband. Ons wil graag op hierdie manier deurlopende toerusting aan leraars bied om ons roeping as kerk van Jesus Christus nog beter te vervul. Sodoende word gee ons ook uitvoer aan sinodebesluite ten opsigte van die verdere opleiding aan predikante. Saam met vorige sinodes doen ons daarom ŉ beroep op kerkrade om dit finansieel vir leraars moontlik te maak om die konferensie by te woon.

Dit is ŉ geleentheid vir selfondersoek en voorraadopname, ŉ tyd van saam kuier en deel in mekaar se lief en leed, maar bo-al is dit ŉ tyd om stil te word en met verwondering God se werk in en deur ons lewens waar te neem. Ons vertrou u sal u program so kan inrig dat u teenwoordig sal wees. In die tussentyd vra ons u voorbidding vir die reëlings van hierdie konferensie.

*Vriendelike groete*

**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023